

## 'n Verkenning van Tendense in Profetenavorsing

WILHELM J. WESSELS (UNISA)

### *ABSTRACT*

*The purpose of this article is to obtain a general idea of research that was done in recent years on Old Testament prophets and prophetic literature. Due to the vast amounts of material available, the decision was made to rather look at some tendencies and approaches which underlie the research on the prophets than provide an overview of the field. This was done by observing research done by a few prominent scholars in this field of Old Testament prophetic literature, but also to look at some compilations of articles published in book format. This article not only aims at highlighting current tendencies which surface in prophetic research, but also to point to future tendencies that need to be researched with regards to Old Testament prophets and prophecy.*

### A INLEIDING

Van die vroegste tye af is daar al navorsing oor die profete van die Ou Testament gedoen. Dit is nie 'n oordrywing om te sê dat daar 'n magdom materiaal oor die profete en profeteboeke bestaan nie. Die hoeveelheid materiaal wat vandag beskikbaar is, noodsaak navorsers om al hoe meer gefokus te werk. Dit is ook nie anders as dit by die profete kom nie. Baie persone is gespesialiseer in een van die drie sogenaamde Groot profete òf in een van die Kleiner profete. Daar is ook pogings vandag om oor die Boek van die Twaalf as 'n eenheid navorsing te doen.

Die oogmerk van hierdie artikel is egter nie om 'n oorsig te probeer gee van die wye verskeidenheid van losstaande artikels binne die veld van die profete nie. Die bedoeling is eerder om te kyk wat die tendense is wat die onderbou of benaderings tot hierdie navorsing vorm. Sekere tendense is gemeenskaplik aan die navorsing van die profete en profeteliteratuur. Om egter daarop aanspraak te maak dat al sodanige tendense identifiseer gaan word, sal 'n oorspanning van die beoogde taak wees. Die gedagte is eerder om enkele prominente tendense uit te lig binne 'n tydsraamwerk van ongeveer die negentiger jare van die vorige eeu. Die plan is om na enkele prominente outeurs te kyk wat sekere tendense vasgepen en uitgespel het, asook na enkele versamelbundels wat artikels bevat oor tendense wat as prominent in profetenavorsing beskou word. Met hierdie artikel hoop ek om 'n bydrae te maak tot die stand van profetenavorsing en die rigting waarin dit in die toekoms verder kan ontwikkel.

## **B 'n BESPREKING VAN ENKELE TENDENSE IN PROFETENAVORSING**

Die geskiedenis van die navorsing oor die profete en die boeke in die Ou Testament wat aan hulle toegedig word, strek oor baie jare. Vir 'n groot deel van die tyd het die belangstelling grootliks gesentreer rondom die boodskap en die teologiese betekenis van die profeteboeke. Dié navorsing was veral belangrik vir diegene wat die Nuwe Testament as die vervulling van die Ou-Testamentiese profesieë beskou het. Die belangstelling in die profeet self was net belangrik in soverre dit as gesaghebbende woorde van 'n profeet in diens van die Here gesien is. Daar was dus weinig belangstelling in die profeet self of in sy historiese omstandighede.

Met die ontwikkeling van die Ou-Testamentiese wetenskap veral sedert 1980 (vgl. Wilson 1980), het die besef gekom dat van die ander vakdissiplines in die wetenskap 'n bydrae kon lewer tot 'n beter verstaan van die profeet self en die boodskap van sodanige profeet. Navorsers het begryp dat om net 'n teks as bron van inligting te hê 'n baie dun basis daarstel om van te werk. Die besef het ontstaan dat die navorser beter toegerus moes wees om die navorsing meer suksesvol te kon aanpak. Dit was duidelik dat navorsers van die Ou Testament kennis van ander wetenskappe moes verwerf om tekste beter te kon lees en te ontsluit. Bo en behalwe hierdie besef was dit nodig om die kennisbasis wat met teksverstaan saamhang, te verbreed. Die navors van buite-bybelse bronne kon hier 'n groot bydrae lewer. Verskeie studies is dus gedoen en navorsing word steeds gedoen deur van die Ou Nabye-Oosterse bronne te bestudeer. In dié verband het argeologiese opgrawings 'n geweldige bydrae gemaak. Argeologie is egter self 'n ontwikkelende navorsingsveld met die gevolg dat die verbreding van argeologiese kennis ook in die toekoms hier 'n sleutel rol sal speel.

Navorsing oor die profete en die profeteboeke het vroe laat ontstaan oor die plek en die rol van die profeet self. Hierdie vroe het sosiale implikasies sodat toerusting gevind moes word om oplossings te kon bied. In dié verband het navorsers begin kers opsteek by die sosiale- en antropologiese wetenskappe. Met behulp van hierdie wetenskappe het navorsers nuut begin kyk na die profeet in sy/haar samelewing en die invloed wat hulle daarop uitgeoefen het.

Die eerste tendens wat in hierdie artikel ter sprake gebring word, is die rol en plek van die profeet in die samelewing.<sup>1</sup> Hoewel, soos aangedui, die belangstelling in hierdie benadering tot die bestudering van die profete van Israel en Juda reeds 'n aanloop het, is dit veral die werk van Blenkinsopp vir die pe-

<sup>1</sup> In 'n versamelbundel met die titel *Social-Scientific Old Testament Criticism: A Sheffield Reader* (Chalcraft, D. J. ed., 1997), is heelwat artikels oor hierdie benadering en die voordele daarvan vervat. Die artikel van Overholt, T. W. "Seeing is Believing: The Social Setting of Prophetic Act of Power" op bladsye 314-340 is veral van belang vir die bespreking van die profete.

riode van navorsing wat afgebaken is, wat aandag verdien. Sy sistematiese uiteensetting van die profete teen die historiese agtergrond waarteen hulle opgetree het, asook sy sensitiwiteit vir die sosiaal-antropologiese vrae, het gemaak dat van sy bydrae kennis geneem moes word.

## **1 Blenkinsopp en sy sosiaal-antropologiese bydrae**

Die eerste publikasie van belang is die werk van Joseph Blenkinsopp wat die eerste keer in 1983 gepubliseer is en in 1996 as hersiene uitgawe weer in druk verskyn het. Blenkinsopp se oogmerk is om 'n geskiedenis van profesie in Israel aan te bied. In die inleiding van die 1996 publikasie gee hy te kenne dat hy wel regstellings gemaak het en ook literatuur bygewerk het. Hy het ook sommige van sy argumente verfyn. In wese wil dit egter voorkom of daar, volgens hom, nie veel nuwe tendense tot en met 1996 na vore gekom het nie. Mays (1985:414) verwys positief na Blenkinsopp se boek as die enigste "kritiese geskiedenis" oor profesie in die tyd waarin dit verskyn het. Hy verduidelik wat hy daarby bedoel as hy sê:

A critical history is an attempt to understand and explain its subject in terms of its development from its origin until its end and in terms of the relations between the variety and changes that constitute the subject and its course through time. This is precisely what Blenkinsopp has attempted.

Hy voel egter teleurgesteld dat die boek 'n onafgehandelde geskiedenis aanbied deurdat die geskiedenis nie tot aan die einde van die tweede tempel periode strek nie (1985:415). Petersen (1985:691) is minder beïndruk met Blenkinsopp se boek as kritiese oorsig oor die ontwikkeling en geskiedenis van profesie, maar beskou dit as 'n goeie kronologiese inleiding op die verskillende profete van die Ou Testament. Geen publikasie kan aan al die verwagtinge wat mense stel, voldoen nie. Dit is ongetwyfeld ook die geval met Blenkinsopp se publikasie. Carroll (1986:119) sê van Blenkinsopp se boek die volgende: "It is a very lucid and fair study of a very controversial subject and contains a mine of information impressively handled." Nie alleen meen hy (1986:119) dat dit 'n baie geskikte inleiding bied vir persone wat nog nie goed onderlê is in die onderwerp nie, maar ook dat dit iets besonders vir die ingeligtes bied: "For those who know this field it will provide an impressive marshalling of the facts and theories relevant to the debate." Uit die bespreking wat volg sal dit duidelik blyk dat Blenkinsopp se publikasie veel meer bied as 'n blote inleiding op die verskillende profete, anders as wat Petersen wil beweer. Trouens, die bespreking sal eerder Carroll se evaluasie bevestig.

Blenkinsopp, soos baie anders navorsers ook al aangedui het, meen dat Israel se profetiese tradisie 'n lang aanloop gehad het. Dit begin egter nie by Amos en Hosea nie, maar alreeds drie eeue voor die tyd van dié twee genoemde profete. Profesie hou ook nie op met die aanbreek van die Babiloniese ballingskap nie,

maar strek veel verder as dit. Blenkinsopp (1996:2) poog in sy voorstelling van die ontwikkeling om weg te bly van terme soos 'n "primitiewe" voorfase gevolg deur die "klassieke" periode van profesie.<sup>2</sup> Die profetiese tradisie in Israel het nie 'n reglynige ontwikkeling gehad nie, maar het verskeie soorte van rolle en profetiese persoonlikhede gehuisves. In sy oorsig gee Blenkinsopp aandag aan die volgende aspekte: Bronne vir kennis oor profesie, huidige kritiese navorsing van profesie, soorte profete en hulle rolle en die sosiale posisie van die profet.

### 1a Bronne

Blenkinsopp (1996:8-16) wys daarop dat bronne vir die bestudering van die profetisme baie beperk is. Die feit dat die hoofbron vir die navorsing van profetisme en profete die Bybelse teks is, verskraal ons kennis oor die verskynsel van profesie en stel sekere beperkinge waarvan ons kennis moet neem. Die Bybelse tekste bied nie die volle prentjie van literatuur wat moontlik bestaan het nie. Hulle is maar net 'n seleksie uit beskikbare tekste aan die hand van vooropgestelde kriteria wat dan binne 'n sekere raamwerk aangebied word. Hulle is ideologies verwerkte tekste wat binne 'n gekose raamwerk geplaas is. Die Bybelse literatuur is dus nie verteenwoordigend van die literatuur wat in omgang was nie en gee sodoende 'n beperkte voorstelling van die werklikheid. Wat wel van belang is, is dat dit uit Bybelse tekste blyk dat daar verskeie manlike en vroulike profete opgetree het voor die tyd van die kanoniese profete Amos en Hosea. Die feit dat daar meer profete was as wat in die tekste aan ons vertel word, het in die verlede aanleiding gegee (en gee dit steeds aanleiding) tot hewige debatte oor die verloop van die kanoniseringsproses en die rol wat die profete vervul het.

Kwessies van datering is nog geensins opgelos nie. Die Bybelse tekste noodsaak steeds dat aandag aan die komposisie van die profeteboeke gegee moet word. Die oplossings is nie altyd so eenvoudig nie en nuwe teorieë word nog steeds ontwikkel oor hoe die prosesse van samestelling verloop het. Blenkinsopp wys wel op enkele ander bronne naas die Bybelse tekste, maar dit is ook maar baie beperk in omvang. Hy verwys onder andere na potskerwe wat by Tell ed-Duweir (Lagis) gevind is en die Deir 'Alla (Oos van die Jordaan) inskripsie wat na die siener Bileam verwys (Num 22-24). Kselman (1985:694) het baie waardering vir Blenkinsopp se verwysing na buite-Bybelse bronne, maar meen dat 'n kronologiese bespreking en benutting van hierdie bronne vir lesers van meer waarde sou wees.

'n Baie belangrike bron van inligting wat 'n groot bydrae gelewer het tot die uitbreiding van profetenavorsing was die vergelykende navorsing wat tussen verskillende kulture gedoen is. Die gedagte is om dit wat ons weet van

<sup>2</sup> Vergelyk onder andere Lindblom (1963:32); Von Rad (1965:6-49) and Carroll (1979:6-11).

die profete in die Ou Testament te vergelyk met soortgelyke figure in ander samelewings. Reeds in 1980 het R. R. Wilson met sulke vergelykings begin, maar dit was veral T. W. Overholt wat sterk hierop gefokus het. In 1986 het hy 'n publikasie met die titel "Prophecy in Cross-Cultural Perspective" die lig laat sien en in 1989 publiseer hy "Channels of Prophecy: The Social Dynamics of Prophetic Activity".<sup>3</sup> Hierin bekyk hy die rol wat "religious intermediaries" in die samelewing speel en lei daaruit sekere gemeenskaplike eienskappe af wat oor kulture heen strek. In 1995 volg die publikasie van D. H. Johnson getiteld "Nuer Prophets: A history of Prophecy from the Upper Nile in the 19th and 20th centuries". Belangrike nuwe insigte is hierdeur gemaak deurdat die opvatting dat Israel se profetiese tradisie totaal uniek was in die navorsing van die Ou Testament deurbreek is.

### **1b Moderne kritiese navorsing**

Onder hierdie opskrif wys Blenkinsopp (1996:16-26) op die vordering wat in die navorsing gemaak is om die individuele profete krities te bespreek deur middel van 'n kritiese metodologie. Die kerk het vir baie lank die grense gestel waarbinne die profete bestudeer en verstaan is. Sodoende het die profete se rol hoofsaaklik daarin bestaan dat hulle voorspellers was van die Christus wat sou kom en in die Nuwe Testament vervul is. Dit het tot 'n verskraling van die waarde en rol van die profete van die Ou Testament gelei. Die profetiese tekste is, en die tendens duur voort, om hulle aan literêre kritiek te onderwerp om sodoende die tekste nuut te belig. Sake wat aandag gekry het en nog steeds deel van die navorsing vorm, is aspekte soos die verhouding van profetie en poësie, die inspirasie wat tot die ontstaan van profetiese tekste gelei het, vorme van profetiese uitsprake, strukturering van tekste en profeteboeke om maar 'n paar te noem.

### **1c Titels en rolle**

Oor tye heen al is aandag gegee aan die verskillende name waarmee na die profete verwys is (vgl. *Nābī'*, *rō'eh* en *hōzeh*). Blenkinsopp vind dit ook in sy historiese oorsig oor profesie nodig om aan die verskillende titels vir profete aandag te gee, om sodoende die betekenis daarvan vir die ontwikkeling en verstaan van die profetiese tradisie in Israel te beklemtoon. Wanneer dit by die bespreking van hulle rolle kom, gee hy aandag aan hulle selfverstaan as persone wat met 'n mandaat van Jahwe optree en daarom aanspraak maak op die reg dat mense na hulle moet luister. Hulle is persone met 'n missie. Blenkin-

---

<sup>3</sup> In 1995 het Lester Grabbe in 'n boek getiteld *Priests, Prophets, Diviners, Sages: A Socio-historical Study of Religious Specialists in Ancient Israel* 'n kruis-kulturele vergelyking gedoen om inligting vir sy tema te bekom. Hy (1995:10-16) behandel ook in dié publikasie die bydrae wat die sosiale wetenskappe tot die Ou-Testamentiese wetenskap maak.

sopp (1996:29) praat van hulle “prophetic-awareness” en hulle “God-awareness”.

### **1d Die plek van die profeet in die samelewing**

Reeds in 1980 het R. R. Wilson nuwe insigte in die verband gebring met die fokus wat hy op die plek van die profeet in die samelewing gestel het. Wilson het die profete as deel van die Noordrykse of Efraïmitiese tradisie of van ’n Suidrykse tradisie gesien. Hy het die profete ook gekategoriseer as sentrumprofete (profete wat naby aan die koning was) of as periferiese profete (profete wat meer onafhanklik opgetree het). Blenkinsopp het op hierdie sosiale aspekte voortgebou in sy 1983 publikasie en dit steeds in sy 1996 publikasie gehandhaaf en selfs uitgebou. Hy het ’n nuwe dimensie gebring in die navorsing deur te soek na sosiale verbintenisse wat die profete sou gehad het en hulle betrokkenheid by sake soos die kultus, bewegings of organisasies in die samelewing, ondersteuningsgroepe, ensovoorts. Sodoende het hy ’n lewendige konteks geskep waarbinne ’n profeet moontlik kon opgetree het. Op hierdie wyse het hy baie van die profeet se manier van optree en wat hulle gesê het, verstaanbaar gemaak. Hy het ook daarop gewys hoe die verwagtinge wat die samelewing aan die profete gestel het, hulle rolle bepaal het. Hy het vrae gevra oor hoe ’n persoon ’n profeet geword het en ’n profeet se betrokkenheid in sosiale kwessies ondersoek. Die kwessie van ekstase by profete is ook aan die orde gestel. Uit hierdie benadering en fokus op die profete het baie nuwe navorsing gevolg en sal daar steeds nog in die toekoms voortvloei.<sup>4</sup>

Soos Mays (1985:416) aangedui het, betrek Blenkinsopp sy lesers in die heersende debatte oor tendense wat in die profetenavorsing ter sprake kom. Hy som dit soos volg op: “[T]he readers will be challenged in every section to think with the author or decide what effect his other positions would have on the historical account” (Mays 1985:416). Mays het hierdie opmerkings oor die eerste uitgawe van Blenkinsopp se publikasie gemaak, maar dit was teen 1996 met die verskyning van sy bygewerkte uitgawe nog steeds van toepassing. Daar was nog baie onbeantwoorde vrae binne die profetenavorsing, maar Blenkinsopp se benadering het ernstige heroerweging tot gevolg gehad. Navorsers wat sy sosiaal-antropologiese benadering wou volg, moes goeie kennis van sosiologiese- en antropologiese aangeleenthede hê. Dié soort navorsing het later neerslag gevind in artikels en boeke (sien Pleins 2001).

## **2 “Sheffield Reader” oor die profete**

<sup>4</sup> Rehm (2000:111-112) wys in ’n resensie op die belangrikheid van Blenkinsopp se hersiene publikasie (1983, 1996) oor die geskiedenis van profesie en profete, maar meen tog dat hy te veel tyd spandeer op “repeating the assumptions of critical scholarship with respect to later additions to the prophets’ original sayings”. Blenkinsopp doen dit juis omdat hy ’n historiese lees van die profete bied en daardeur profete-woorde en byvoegings binne ’n veronderstelde konteks wil verstaan.



Die tweede reeks tendense wat die afgelope dekade opnuut aandag gekry het, soos blyk uit 'n versamelbundel oor die profete, is die volgende: Die profeet as fenomeen of verskynsel, die komposisie van profeteboeke, die ideologie van profete en die lees van profetetekste.

Onder die redakteurskap van Philip Davies het daar in 1996 'n versamelbundel getiteld "The Prophets: A Sheffield Reader" verskyn. Dearman (1998:600) se algemene indruk van die bundel is dat dit artikels van hoë gehalte bevat. Sommige artikels reflekteer gesprekke wat tussen akademici heers, terwyl ander artikels ingesluit is oor die belangrikheid van die tendens of onderwerpe wat hulle aangespreek het. Hy (1998:600) meen die artikels "is a good indicator of trends in research and of the variety of approaches currently in use by scholars". Hy verwys hier veral na die gebruik van ideologie en gender aangeleenthede.

Die genoemde bundel bestaan uit twee en twintig artikels wat reeds tevore in vaktydskrifte gepubliseer is, maar steeds as verteenwoordigend en relevant beskou is om in hierdie bundel opgeneem te word. Davies stel dat die oogmerk met die versameling oor die vraag gaan: Wat is uniek in die navorsing oor profete (teen 1996)? Baie navorsing was tot daardie tyd oor die vorm van profetiese taal en die boodskap van die profete gedoen, maar die vraag was watter vraagstukke het ten tye van die samestelling van die bundel in die navorsing uitgestaan? Davies het die artikels georden in terme van die outeur (die profeet), die teks en die lesers aan die hand van die volgende hoofpunte: "What are Prophets?, The Composition of Prophetic Books, Prophetic Ideology and Reading Prophecy". Hierdie bundel vorm 'n belangrike deel van die navorsing oor die profete, want die artikels hierin vervoer 'n sterk kritiese tendens in die spel deurdat 'n meer idealistiese en optimistiese beskouing oor profete en profetiese literatuur krities bevraagteken word. In die proses maak die debat egter vordering deurdat navorsers gedwing word om met nuwe oë na die profetiese tradisie en literatuur te kyk en nuwe antwoorde te soek. Vanselfsprekend skep die uiters kritiese benadering meer vrae as antwoorde, maar dit het inderdaad nuwe debat gestimuleer. Kortliks handel die artikels onder bespreking oor die volgende kwessies:

## **2a Wie is die profete?**

In hierdie afdeling handel die bundel oor die aard en wese van die profete wat ons uit die profetiese literatuur leer ken. Davies stel dit gou duidelik dat dit 'n baie vae prentjie is, want die boeke het sterk redaksionele verwerking ondergaan. Die eerste artikel wat in die bundel vervoer is, is een van Greame Auld (1996:22-42) wat in 1983 gepubliseer is en handel oor die benaming van profetiese figure as "profete". Dit word gevolg deur kritiese bydraes op Auld se artikel deur Robert Carroll (1996:43-49) en Hugh Williamson (1996:50-56) wat uit dieselfde jaar dateer. Die vraag word gevra wie die persone (profete) is wat met die oorsprong van die profetiese boeke verbind word en of die

verwerkers ook profete was? Is profesie 'n sosiale verskynsel of 'n literêre skepping? Auld meen dat laasgenoemde die geval is. Dit is opmerklik dat die boek Jeremia baie sterk in hierdie debat figureer.

In 1990 volg 'n artikel van T. W. Overholt (1996:61-84), bekend vir sy kruis-kulturele navorsing en sy beskouing van profetefigure as tussengangers (“intermediaries”), waarin hy van die drie voorafgenoemde navorsers verskil en die debat verder voortsit oor wat die profete nou regtig sou wees. Volgens hom toon sy navorsing dat die profete historiese figure was en dat daar 'n ooreenkoms bestaan tussen die literatuur en sosiale werklikheid. Dié siening het op sy beurt weer reaksie uitgelok van Auld en Carroll (ook in 1990) wat met hom verskil het. In 1993 het 'n artikel van Barstad (1996:106-126) verskyn oor ontwikkelings in die navorsing van profete in die Ou Nabye Ooste. Terwyl Barstad baie waardering vir Auld en Carroll toon, verkies hy om “positief skepties” te wees teenoor hulle “negatiewe skeptisisme” met betrekking tot die historiese tekeninge van profete.<sup>5</sup> Hy het gemeen dat daar genoeg vergelykende getuienis bestaan van werklike figure soos profete wat in die samelewing profetiese uitsprake gemaak het. Hulle uitsprake het 'n proses van versameling, verwerking en strukturering deurloop.

## **2b Komposisie of samestelling van profeteboeke**

Die samestelling van profetiese boeke het in die negentigerjare sterk in fokus gekom. Hoewel baie van die profeteboeke aan 'n betrokke profeet gekoppel is, het navorsing uitgewys dat dit nie so eenvoudig was om die eindproduk eenvoudig aan die persoon van die profeet te koppel nie. Die boeke het 'n groeiproses deurloop voordat dit as 'n finale dokument gekanoniseer is. Navorsing op die twaalf sogenaamde Klein Profete het getoon dat daar 'n groter eenheid tussen die boeke bestaan as wat met die eerste oogopslag die geval blyk te wees. Die boek Jeremia het ook baie navorsers se aandag getrek as dit by die samestelling van die boek kom. Die laaste woord is egter nog nie hieroor gespreek nie. Volgens Davies (1996:15) het die boek Jesaja egter die verbeelding die meeste aangegryp. Drie artikels is in die bundel vervat wat handel veral oor die kwessie van die eenheid van die boek Jesaja. Twee van die artikels wat uit 1993 dateer bespreek hierdie eenheidskwessie in detail. Tomasino (1996:147-163) met sy artikel “Isaiah 1.1-2.4 and 63-66, and the Composition of the Isaianic Composition” meen dat die laaste hoofstukke die patroon van die inleidingsverse volg en gevolglik die eenheid van die boek beklemtoon. Hy stel die vraag of daar werklik 'n proto-Jesaja was en of 1-39 nie oor 'n lang tyd ontwikkel het nie, self verby die samestelling van 40-55 en 56-66. Die tweede

<sup>5</sup> Dearman (1998:601) meen dat relatief te min aandag in die versamelbundel aan die plek wat profesie van Israel en Juda as Ou Nabye Oosterse verskynsel beklee, gegee word. In die lig hiervan meen hy dat Barstad se artikel in die bundel besondere aandag verdien.



artikel van Carr (1996:164-183), “Reaching for Unity in Isaiah,” toon weer dat hy nie so oortuig van die eenheid van die boek is nie, en stel die vraag of die drang na koherensie werklik so belangrik is. Hy vra of die outeurs of verwerkers vir die lesers nie meer van belang is as die kwessie van orde en koherensie nie?<sup>6</sup>

Die volgende hoofaspek waaroor die bundel handel is profetiese ideologie.

## 2c Profetiese ideologie

Onder hierdie opskrif verskyn vyf artikels in die bundel wat dateer binne die laaste twee dekades van profetenavorsing. Die afdeling oor profetiese ideologie bevat die mees omstrede ontwikkelings in die navorsing, waarskynlik omdat hulle baie met hermeneutiese vertrekpunte te make. Davies wys nie net op die omstredenheid van ’n term soos *ideologie* as dit by Bybelse literatuur kom nie, maar ook op die feit dat die term *teologie* nie geskik is nie, want profete was nie teoloë in die moderne sin van die woord nie. Davies (1996:16) beskou uiteindelik ideologie as “a human perspective in a more obvious way than theology”. Ideologie-kritiek is ’n kritiese lees van die teks wat vrae stel oor wat agter die ontstaan van die teks lê. Dié soort kritiek wil weet wat die skrywers, wat vanuit ’n bepaalde stel idees werk, daarmee wil bereik. Die vraag wat gestel word, is wat moet tussen die lyne van die versreëls geles word?<sup>7</sup>

Die eerste artikel deur Blenkinsopp (1996:186-206) is in 1988 gepubliseer. Blenkinsopp lees tweede Jesaja (40-55) vanuit ’n sosiale en politieke perspektief<sup>8</sup> wat volgens hom die opvatting van ’n segment van mense uit die post-eksiliese tyd reflekteer. Die tweede artikel van Daniel Smith (1996:207-218), gepubliseer in 1989, fokus op Jeremia 29. Hy beskou die brief in hierdie hoofstuk as ’n oproep van Jeremia tot “nonviolent resistance”. Deur tekste só te lees, word ’n lewensgetroue konteks gekonstrueer van mense wat sekere psigologiese, politiese en werklikheidservarings en opvattinge gehuldig het wat na bewering in die teks weerspieël word. Die derde en die vierde artikels het te make met “gender” kwessies. Bebb Wheeler Stone (1996:219-232), in haar artikel “Second Isaiah: Prophet to Patriarchy” wat aanvanklik in 1992 gepubliseer is, beweer dat Jesaja 40-55 deur ’n vrou geskryf is wat viktimisasie

<sup>6</sup> Dearman (1998:600-601) merk op dat verhoudingsgewys die boeke van Jesaja en Jeremia meer aandag as die ander profete kry. Dit opsigself behoort nie vreemd te wees as die lengte van die boeke in ag geneem word nie. ’n Beter rede om aan te voer vir die langer bespreking is eerder die problematiese aard van hierdie twee profetiese boeke en die uitdagings wat dit aan navorsers stel.

<sup>7</sup> Een van die mees bekende ideologie-kritici wat oor die profete navorsing gedoen het is Robert Carroll (1986; 1999:220-243).

<sup>8</sup> Nog ’n voorbeeld van ’n sosiaal-politiese aard, is die boek van Carol Dempsey (2000) wat ’n bevrydings-kritiese lees van die profete bied. Haar boek wys op die ideologiese verskynsel van “mag” wat in sommige van die profetetekste waar te neem is.

beide van die ballingskap en die patriargale stelsel ervaar het. Sawyer (1996:233-251) se 1989 artikel getiteld “Daughter of Zion and Servant of the Lord in Isaiah: A Comparison” handel oor die vergelyking van die vroulike voorstelling van Sion in Jesaja teenoor die manlike uitbeelding van die Kneeg van Jahwe. Die laaste artikel onder hierdie afdeling is ook die mees omstrede een. Dit is ’n artikel wat in 1996 deur Athalya Brenner (1996:252-275) geskryf is met die titel “Pornoprophetics Revisited: Some Additional Reflections”. Haar artikel handel hoofsaaklik oor die boeke Hosea en Esegïel. Sy beskuldig die profete daarvan dat hulle tekste pornografies van aard is vanweë die wyse waarop hulle vroue stereotipeer en die afbrekende metafore wat aangewend word om verhoudings en situasies van swakheid uit te beeld. Die wins van die artikel is tweërlei van aard: nie alleen lig dit etiese kwessies uit nie, maar dit het ook ’n debat oor die gebruik of omvorming van metafore aan die gang gesit.<sup>9</sup>

## 2d Die lees van profetiese literatuur

Tot dusver in die boek het dit gegaan oor die konfrontasie tussen die profete en hulle gehoor. Die volgende afdeling handel egter oor die leser en weliswaar oor skryf- en leesstrategieë. Dit gaan nou nie meer oor die hoorders of gehoor nie, maar die lesers van profetiese tekste. Die belangrikheid van die literatuur in hierdie afdeling lê daarin dat dit gaan oor die ontwikkeling van nuwer literêre benaderings. Die artikel van Fokkelien van Dijk-Hemmes (1996:278-291), geskryf in 1989, wat handel oor ’n vergelyking tussen Hosea 2 en tekste uit Hooglied, is gekies as voorbeeld van ’n intertekstuele lees van tekste.<sup>10</sup> Nog twee artikels wat fokus op tekste uit die boek Jeremia van onderskeidelik Louis Stulman (1996:292-312; 1995 gepubliseer) en Pete Diamond (1996:313-333; 1993 gepubliseer), werk met die nuwe literêre benaderings wat nie alleen die literêre patrone in die betrokke gedeeltes bestudeer nie,<sup>11</sup> maar ook die sosiale konteks wat tot hulle ontstaan aanleiding gegee het. Die uitgangspunt is nie histories soos wat vroeër met so ’n literêre benadering veronderstel is nie, maar wel dat die literêre struktuur nie los van ’n bestaande (*real*) konteks verstaan kan word nie. Die benadering is nie literêr-histories soos vantevore verstaan nie, maar uit en uit ’n literêre benadering.

<sup>9</sup> Vgl. Stiebert (2002:200-208) oor die gebruik van die vroulike metafoor in Esegïel 16 and 23. Ook Boshoff (2002:23-41) met verwysing na Hosea en die gebruik van vroulike metafore.

<sup>10</sup> Oor die intertekstuele lees van ’n profetiese teks in Suid-Afrikaanse navorsing, vergelyk Terblanche (1997:312-321). Vergelyk ook Prinsloo (1999:515-535) se lees van Habakuk 3.

<sup>11</sup> Suid-Afrikaanse publikasies wat fokus op profetiese retoriek is onder andere dié van Bosman (2002:589-599) en Wendland (1998:154-181) beide oor Nahum.

Die “Sheffield Reader”, soos uit die oorsig blyk, slaag daarin om die mees prominente tendense in profetenavorsing onder die aandag te bring. ’n Verdere voordeel van die bundel is dat dit deur toonaangewende navorsers in die veld van profetenavorsing bespreek word.

Om artikels wat tevore as enkel artikels gepubliseer is in een versamelbundel saam te vat, het die funksie dat dit die stand van profetenavorsing opsom en nuwe navorsers ’n greep bied op die magdom literatuur wat in omloop is.

### **3 Behoudende bydraes tot profetenavorsing**

Vanuit meer behoudende geleedere<sup>12</sup> vloei ’n bespreking voort oor die volgende tendense in die navorsing oor die profete: Die aard, rol en plek van profete in die samelewing; die profete as sprekers en die aard van hulle verkondiging (boodskappe); van profetewoord tot tekswoord en die gebruik van hulle woorde en laastens, die toepassing en relevansie vir vandag. Die belangstelling strek hier duidelik van die oorsprong van die profetewoord in die verlede tot by die werking daarvan vir gemeenskappe vandag. Daar is dus nie net ’n histories-deskriptiewe belangstelling in die profete binne hierdie kringe nie, maar ’n vraag na relevansie en betekenis vir vandag. Hierdie bundel is baie goed ontvang binne veral sogenaamde Evangeliese kringe (vgl. Barrick 2000:239-240; Jenson 2002:353-354; Hubbard 2001:323-324).<sup>13</sup> Barrick loof die skrywers van die opstelle vir hulle “gesonde skeptisisme” oor die verskillende teorieë wat in bybelse kritiek voorgehou word. Hy (Barrick 2000:241) gee egter wel toe dat “the essayists recognize the contributions that have been made to OT studies by proponents of those theories”. Hy pleit nietemin vir die noodsaaklikheid van “a sober eclecticism”.

In ’n bundel getiteld *The Face of Old Testament Studies: A Survey of Contemporary Approaches* (1999) met David Baker en Bill Arnold as redakteurs, skryf Baker ’n oorsig artikel oor “Israelite Prophets and Prophecy” (Baker 1999: 266-294).<sup>14</sup> Hy orden sy bespreking van die profete onder vier hoofpunte, naamlik: Die fase voor die komposisie van profetetekste, die kom-

---

<sup>12</sup> Die redakteurs, David Baker en Bill Arnold sê van die bundel *The Face of Old Testament Studies: A Survey of Contemporary Approaches* (1999:10) die volgende: “One of its distinctives is that it notes contributions of conservative scholars whose significance has been recognized beyond their own camp.”

<sup>13</sup> Hubbard (2001:323-324) is positief oor die bydraes en statuur van die outeurs van die bundel, maar kritiseer die gebrek aan “non-European” en vroulike deelnemers, want, soos hy dit stel, die bundel “presents too narrow a perspectival face”.

<sup>14</sup> Barrick (2000:241) is krities oor die opstel van Baker. Hy meen dat dit slegs ’n oorsig bied en gebrek aan lewenskragtigheid vertoon. Hubbard (2001:324) stem saam en meen dat Baker nie krities met belangrike opvattinge oor profesie omgaan nie.

posisie van profetiese literatuur, die oordrag of kommunikasie van die profesieë en laastens die toepassing van hulle woorde.<sup>15</sup>

In wese lewer hy nie nuwe insigte oor die profete nie, maar onder sy eerste twee afdelings behandel hy aspekte soos wat 'n profeet is, waar hulle in die samelewing inpas en waarmee hulle vergelyk in hulle eie tyd van optrede en ook vandag. Verder behandel hy die manier hoe profete gekommunikeer het en die aard van hulle kommunikasie. Onder sy derde opskrif spreek hy die kwessie aan van hoe die profeteverkondiging van 'n mondelingse fase na opskrifstelling ontwikkel het. Hy bring hier die redaksionele verwerking en gebruik van profetewoorde ter sprake terwyl hy vra of die oorspronklike woorde van die profete nog teruggevind kan word. Die laaste deel van sy bespreking handel oor die behoefte wat bestaan om van die teks tot 'n toepassing vir vandag te beweeg.

Baker se hoofstuk is 'n duidelik, leesbare en goed geordende samevatting van die navorsing oor die profete, maar lok nie die leser uit om van die nuwere meer kritiese en uitdagende benaderings kennis te neem nie. 'n Positiewe aspek van Baker se oorsig is die magdom verwysings na publikasies wat oor profete en profetisme handel. Daar is nie 'n probleem met die vraag na die toepassing en relevansie van die boodskappe van die profete nie, maar dit stel die eis en uitdaging om verantwoordbare brûe van die teks na nou te bou. 'n Deeglike verstaan van hermeneutiese vraagstukke is 'n vereiste om die proses suksesvol deur te sien. 'n Hele Skrif- en wêreldbeskouing sal uitgespel moet word om geloofwaardigheid van uitleg en toepassing te verseker. Dit opsigself is nie 'n onoorkombare probleem nie.

#### **4 Oraliteit en opskrifstelling van profetiese verkondiging**

Navorsing met betrekking tot oraliteit het die afgelope dekade ook sterk navore getree. Soos reeds vermeld by van die ander afdelings, is daar belangstelling in die fase voor die opskrifstelling van die profetewoorde. Dié belangstelling bring nie alleen die rol van die profeet as skrywer na vore nie, maar veral as orator. Vrae wat opduik, is hoe die profete hulle boodskappe oorgelewer het<sup>16</sup> en of die profeet as orator en die profeet as digter een en dieselfde persoon is. Verder is die vraag ook wat die proses sou wees tussen die lewering van die boodskap aan die een kant en die vaslegging en oorlewering daarvan in die teks

<sup>15</sup> Baker word veral geloof vir sy omvattende literatuurlys wat hy oor profetenavorsing aanbied (so ook Hubbard en Barrick). Pilkington (2001:3) kritiseer hom egter vir die feit dat hy aan 'n wye verskeidenheid van standpunte erkenning verleen, maar dan na alles 'n onverdedigbare rigting inslaan. Hy maak ook te min van die gedeelte wat handel oor toepassing.

<sup>16</sup> Vergelyk onder andere Crenshaw (2006:167-172).

aan die ander kant.<sup>17</sup> In die toekoms sal nog heelwat hieraan aandag gegee moet word omdat die profeet te maklik vantevore as spreker én skrywer van die profeteteks gesien is.

Hierdie vermelde kwessies het ook neerslag gevind in 'n versamelbundel oor navorsing van profete en profeteliteratuur, naamlik *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy* (2000) met Ben Zvi en Michael Floyd as redakteurs. Die bundel bestaan uit tien artikels wat oor die oorlewering van profetiese uitsprake oor geslagte heen, oraliteit en die opskrifstelling van profetewoorde handel. Ander aspekte wat onder die loep kom is die profeet as outeur, skrywers en sprekers en die aanhaal en verwerking van profetewoorde. Vooraanstaande navorsers soos Ehud Ben Zvi (2000:1-29), James Chrenshaw (2000:31-44), Robert Culley (2000:45-64), Philip Davies (2000:65-81), John van Seters (2000:83-88), R. E. Clements (2000:89-101), Michael Floyd (2000:103-143), Donald Redford (2000:145-218), Karel van der Toorn (2000:219-234) en Martti Nissinen (2000:235-271) het die onderskeie hoofstukke geskryf. Hierdie bundel bring al die belangrike aspekte van profesie - die ontstaan, bewaring, oorlewering, opskrifstelling en ook die aanhaling en verwerking van ander profete se woorde - onder bespreking. Met hierdie bundel is 'n belangrike bydrae tot profetenavorsing gemaak.<sup>18</sup>

Profetenavorsing, soos onder andere gereflekteer in bogenoemde bundel, maak dit duidelik dat die hele kwessie van profeet, profetewoorde en die bewaring daarvan in tekste 'n lang en dinamiese proses is. 'n Mens kan bloot aan die teks van die Jeremiaboek dink om te besef hoe ingewikkeld hierdie hele proses was en hoe mense op 'n te eenvoudige manier tot dusver daarmee omgegaan het. Die navorsing oor die fases voor die opskrifstelling van profetewoorde bied ruimte om nuut te kyk nie alleen na die dramatiese trant waarmee profete in hulle gemeenskappe opgetree het maar ook na die manier hoe hulle optrede in die literatuur vir ons voorgehou.<sup>19</sup> Daar kan byvoorbeeld weer aan

<sup>17</sup> Scharper (2005:324-342) wys in 'n artikel met die titel "Exilic and Post-Exilic Prophecy and the Orality/Literacy Problem" op die probleem wat bestaan rondom die kwessies van mondelingse fases van profetiese uitsprake en die opskrifstelling daarvan. In sy bespreking wys hy op die uitdaging wat die vermoë om te kon skryf gestel het, omdat dit onherroepelik die aard van profesie verander het.

<sup>18</sup> Die bundel van Zvi en Floyd het ontstaan as die resultaat van 'n werkgroep by die SBL. Die doel van die bundel is om die resultate van die navorsing wat uit die konsultasie voortgevloei het, aan 'n groter lesergehoor bekend te stel. Eades (2002:2003) meen dat hulle daarin slaag en dat die boek "will serve admirably as an introduction to questions of orality and writtenness in biblical and ancient Near Eastern prophetic literature."

<sup>19</sup> Doan en Giles (2005) spreek die kwessie aan van die profeet wat sy/haar boodskap dramaties aanbied. Een van die hoofstukke in hulle boek is juis "From the Prophetic Performer to the Scribal Performer" (2005:19-48). Hulle maak 'n onderskeid tussen die "performer" en die "scribe". Hulle (2005:29) sê: "The prophet *himself* was the

Jeremia se optredes by die tempel gedink word of Miga se konfrontasie met die valse profete in Miga 2 en 3 (vgl. 3:8). Esegïel se doen en late kan ook vanuit hierdie fokus interessante nuwe moontlikhede oplewer.

## **5 Navorsing oor spesifieke profetiese boeke**

Soos reeds aangedui word baie navorsing oor spesifieke profete of aspekte van 'n profeteboek gedoen. Een van die profete wat in die verlede veral aandag gekry het en in die hede steeds kry, is Jeremia. Die debat oor Jeremia bly baie lewendig juis vanweë die aard en samestelling van die boek. Die waarheid is dat feitlik elke denkbare probleem wat heers in die navorsing oor profete na die boek Jeremia herlei kan word. Gevolglik bied Jeremia 'n uitstekende geleentheid aan navorsers om vas te stel watter tendense en aspekte van belang in profetenavorsing is.

Bo en behalwe Jeremia is ook heelwat navorsing gedoen oor die Boek van die Twaalf as 'n eenheid. Dit sal dus ook goed wees om oorsigtelik te óók te kyk na die navorsing oor die Twaalf aan die hand van 'n versamelbundel.

### **5a Die boek Jeremia**

Terwyl die voorafgaande besprekings 'n oorsig probeer bied het van hoofmomente in profetenavorsing, het daar ook versamelbundels verskyn wat 'n spesifieke fokus op profeteboeke wil verskaf. Dit sal nie moontlik wees om die hele spektrum van sulke materiaal aan te bied nie. Slegs enkele voorbeelde word voorgedhou. Een so 'n bundel het in 1999 oor die navorsing op die boek Jeremia verskyn. Jeremia is seker een van die mees problematiese boeke in die Ou Testament, maar ook een van die boeke wat die meeste uitdagings aan navorsers stel.<sup>20</sup> Die bundel waarna ek verwys, het die titel “*Troubling Jeremiah*” met Diamond, O'Connor en Stulman as redakteurs.

---

presence through which God appeared to the people of Israel. This was more than a linguistic moment; it was the moment of full sensory engagement for both the prophet and the spectator.”

<sup>20</sup> Vir 'n oorsig oor die stand van die Jeremia-navorsing tot en met 2000, vergelyk Lalleman – de Winkel (2000:19-48). Crenshaw (2006: 137-146) bied ook 'n bondige oorsig aan oor die huidige navorsing wat oor die boek Jeremia gedoen is. In 2007 het onder redaksie van John Goldingay 'n versameling artikels oor die boek Jeremia, opgedra aan Leslie Ellen, verskyn onder die titel *Uprooting and Planting*. Hoewel meeste van die bydraes spesifieke temas aanspreek, is daar ook sommige wat die probleme van die boek aanspreek. Hieronder val onder andere aspekte soos die samestelling van die boek, die Septuaginta-weergawe van die teks, literatuursoorte en style in die boek en metodologiese benaderings om die teks uit te lê. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is die artikel deur Nancy Lee (2007:190-209) wat aandui dat sy 'n “oral-poetic and socio-rhetorical” benadering tot die teks volg (vgl. ook Clements 2007:32-44).



Van die tendense wat in hierdie bundel aan die lig kom is onder andere teksgesentreerde- en lesergeoriënteerde benaderings tot die boek Jeremia. Onder hierdie hoofde duik belangrike kwessies soos die totstandkoming en samestelling van die teks van Jeremia weer op. Ander belangrike tendense soos intertekstualiteit en ideologie-kritiek word ook aangespreek. Die teks van Jeremia met al die kompleksiteit daaraan verbonde, word met groot omsigtigheid bespreek, maar benaderingswyses waarmee na die teks gekom word, kry ook die nodige aandag.

Nie minder nie as vier en twintig artikels oor Jeremia is in die bundel vervat. Hierdie versameling vertoon die groot verskeidenheid van benaderings ten opsigte van die lees van Jeremia wat tydens die daarstelling van die bundel (1999) bestaan het. Friebel (2000:775) wys daarop dat die

methodological shift is clearly away from a historical-critical perspective to the quest for authentic material of the historical prophet (an approach centered on the author), to a nonhistoricist literary approach (which may be centered either on the text or the reader).

Die artikels is onder vier opskrifte ingedeel wat handel oor “Teksgesentreerde benaderings van die Jeremiateks”, “Lesergeoriënteerde benaderings van Jeremia”, “Teologiese konstruksie vanuit Jeremia” en laastens bydraes deur twee leiers op die gebied van Jeremia-navorsing.

Onder die teksgeoriënteerde benaderings van die Jeremiateks word op spesifieke teksgedeeltes of hoofstukke in die Jeremiaboek gefokus. Benewens artikels wat oor inhoudelike sake in Jeremia handel, laat ander die klem val op aspekte soos hermeneutiek, samestelling of vorming van hoofstuk eenhede (bv. Jer 37-44), strukturele en redaksionele aangeleenthede, die poëtiese aard van dele van die Jeremiateks en ook intertekstuele aangeleenthede. Dié deel van die bundel handel oor ’n wye spektrum van artikels met die teks van Jeremia as gemeenskaplike vertrekpunt.

Die tweede hoofdeel het weer die leser van die Jeremiateks in fokus. Weereens word ’n wye spektrum van sake aangespreek, soos die ideologiese aard van tekste (o.a. Carroll 1999:220-243), sosio-linguistieke lees van tekste (Domeris 1999:244-262), metafore, vroulike uitbeeldings (Bauer 1999:293-305), getuienis van mondelingse fases wat die tekstvaslegging voorafgegaan het en selfs die gebruik van Jeremia in die apokriewe en Pseudepigrafiëse werke (Barton 1999:306-317).

Die derde hoofdeel het met teologiese konstruksie te make. Hier het persone wat bekendheid verwerf het vir hulle bydraes tot die Teologie van die Ou Testament, Jeremia gebruik om teologie te beoefen. Van hierdie bekendes is Perdue wat die boek *The Collapse of History* (1994) die lig laat sien het, Boadt, Olson en Overholt wat reageer het op Perdue se vermelde boek, Brueggemann

---

en O'Connor. Meeste van hierdie persone is deel van 'n Jeremia-subgroep wat jaarliks by die SBL vergader om Jeremianavorsing te bevorder.<sup>21</sup>

Die vierde hoofdeel bevat twee reaksies van Brueggemann (1999:404-422) en Carroll (1999:423-443) oor hoe hulle die toekoms van die Jeremianavorsing sien. Hierdie twee navorsers, wat rigtinggewende navorsing oor Jeremia gedoen, sou seker met reg verder in die toekoms kon kyk na die moontlikhede van navorsing oor Jeremia. Brueggemann het 'n retories-teologiese benadering tot die teks van Jeremia,<sup>22</sup> terwyl Carroll 'n meer ideologies-kritiese aanslag in sy benadering tot Jeremia gebruik het. Brueggemann meen dat retoriek en ideologie twee sleutel-aspekte van die Jeremianavorsing sal uitmaak, terwyl Carroll meen dat sake soos ideologie-kritiek, feminisme, resepsiegeskiedenis en selfs wat hy noem "Queering Jeremiah" deel van die toekoms vorm. Enige ernstige navorser van Jeremia sal kennis moet neem van hierdie versamelbundel oor Jeremianavorsing.

### **5b Die Boek van die Twaalf as eenheid**

In profetenavorsing het die onderskeie boeke wat hier in die Boek van die Twaalf ter sprake is, reeds individueel baie noukeurige aandag gekry. Die tendens het egter ontstaan om na te vors wat die onderlinge verband tussen die boeke van Die Twaalf is en ook om tematies na raakpunte tussen die onderskeie boeke te soek.<sup>23</sup>

In 2003 het 'n boek onder redaksie van Paul L. Redditt and Aaron Scharf met die titel *Thematic Threads in the Book of the Twelve* verskyn. Die uitgangspunt van die boek is dat Die Twaalf Kleinprofete as 'n eenheid gereken moet word en dat daar 'n plan in die organisasie van die boeke is.<sup>24</sup> Soos Lessing (2004:341) dit stel,

---

<sup>21</sup> Reimer (2000:73-74) meen dat die bundel baie waardevol is en die resultaat van jare se navorsing is.

<sup>22</sup> In sy teologie van die Ou Testament bespreek Brueggemann (1997:49-53) die belangrikheid van die sosiologiese benadering tot die verstaan van die Ou Testament, maar ook die retories-kritiese benadering (1997:53-60) as metode van ontsluiting van die teks.

<sup>23</sup> Vergelyk byvoorbeeld die artikel van Crenshaw (2006:173-182) waarin hy die teodiseë vraagstuk in die Boek van die Twaalf bespreek. Verder ook die hoofstuk waarin Sweeney (2005:173-209) die Boek van die Twaalf bespreek.

<sup>24</sup> Lessing (2004:341) wys op drie punte van kritiek deur Ehud Ben Zvi waarvan kennis geneem moet word. Eerstens, die Boek van die Twaalf het nie 'n samevattende opskrif nie, tweedens kan die trefwoorde tussen boeke wat as argument vir eenheid gebruik word, bloot toevallig wees, en derdens kan die betekenis van 'n individuele boek verlore gaan as dit slegs op 'n breër redaksionele vlak interpreteer word. Om verbande tussen die verskillende boeke te lê, het egter groot waarde en bring nuwe insigte navore. Dit is egter duidelik dat nog navorsing in die toekoms nodig is.

The editors who combined the writings into one book wanted their readers to look for, discover, and appreciate how the different thematic threads generate a colorful tapestry that reflects Yhwh's self-disclosure in this corpus.

Daar is beslis waarde daarin om die twaalf Kleinprofete sinkronies te benader en as 'n geheel te lees (Holt 2004:257).

Redditt bied eers 'n oorsig van navorsing wat gedoen is oor die vorming van die Boek van die Twaalf. Dit word gevolg deur drie hoofdele, naamlik Metode, Kanoniese Volgorde en Temas wat deur die Twaalf loop. Sommige van die artikels handel oor spesifieke aspekte in sommige van die individuele boeke (soos die vyfde visioen in Amos as voorbeeld), terwyl ander artikels verbande wil trek tussen die twaalf boeke. Om laasgenoemde te illustreer word onder ander aan sake soos intertekstualiteit en kanonvorming aandag gegee. Nog ander artikels het as oogmerk om die redes te voorsien vir die spesifieke volgorde waarin die boeke van die Twaalf in voorkom. 'n Voorbeeld hiervan is 'n artikel van Marvin Sweeney oor die plek en funksie van Joël in die kanoniese versameling van die Twaalf. Die laaste afdeling toon deur verskeie artikels aan dat daar tematiese verbande tussen die groepe boeke in die versameling van Twaalf bestaan. Sommige temas soos die Dag van Jahwe word selfs as deurlopende tema is die Boek van die Twaalf as geheel bespreek. Hierdie versameling artikels het grootliks die kollig geplaas op die stand van navorsing oor die Boek van die Twaalf as 'n eenheid.

Die bundel het duidelik gewys dat daar meriete in is om 'n holistiese benadering tot die Boek van die Twaalf te volg, maar nog navorsing is nodig om die argumentasie te verfyn. Daar moet egter gewaak word teen 'n oor optimisme om verbande te lê en kunsmatige eenheid te forseer.

## **C SAMEVATTING**

Die poging in hierdie artikel om insae in 'n dekade of twee se navorsing oor die verskynsel van profesie te probeer kry, was ietwat oorweldigend. Baie navorsing is gedoen oor die tydperk en slegs enkele aspekte daarvan is belig. In die proses het navorsing wat hier ter lande gedoen is, nie veel aandag gekry nie. 'n Opvolgartikel in die verband kan hierdie leemte aanspreek.

Van die tendense wat uitgelig is, is onder andere die bydrae van die sosiologie en antropologie om ons verstaan van gemeenskappe wat agter die teks lê en ook gemeenskappe wat die tekste lees, beter te verstaan.<sup>25</sup>

---

<sup>25</sup> Vir 'n bondige bespreking van die sosiale wêreld van die Bybel en sosio-wetenskaplike benaderings tot bestudering van die Ou Testament, vergelyk Whitelam (1998:35-49).

Die tweede reeks tendense wat die afgelope dekade aandag gekry het, was die volgende: Die fenomeen profeet, die komposisie van profeteboeke, die ideologieë van profete<sup>26</sup> en die lees van profetetekste.

Verdere tendense wat in die afgelope tyd aandag gekry het was die aard, rol en plek van profete in die samelewing, die profeet as sprekers en die aard van hulle verkondiging (boodskappe). Verder is vrae gestel oor wat gebeur in die proses van profetewoord (mondelings) tot tekswoord en die gebruik van hulle woorde. Die vraag na die toepassing en relevansie van die profetewoorde vir vandag het ook heelwat aandag gekry. Die belangstelling hier is duidelik in die oorsprong van die profetewoord, die proses van oorlewering tot en met die werking daarvan vir gemeenskappe vandag. Daar is dus nie net 'n histories-deskriptiewe belangstelling in die profete nie, maar 'n vraag na relevansie en betekenis vir vandag.

Die tendens van oraliteit en opskrifstelling van profeteverkondiging het die afgelope dekade ook sterk na vore getree. Lessing (2003:146) is van mening dat profete die vermoë gehad het om die profeteboodskappe eers op skrif voor te berei in 'n styl wat by mondelingse oorlewering daarvan sou pas. Hy meen

it is better to understand that in any writing culture orality and literacy co-exist and interact, as each influences the other. "There is no 'great divide' between the oral and the written in the cultures of ancient Israel but a continuum."

Scharper (2005:324-342) dink ietwat anders oor die probleem en wys in 'n artikel met die titel "Exilic and Post-Exilic Prophecy and the Orality/Literacy Problem" op die probleem wat bestaan rondom die kwessies van mondelingse fases van profetiese uitsprake en die opskrifstelling daarvan. In sy bespreking wys hy op die uitdaging wat die vermoë om te kon skryf gestel het, omdat dit onherroepelik die karakteraad van profesie verander het. In die toekoms sal hierdie kwessie stellig nog noukeuriger bespreek word.

Nog ander belangrike tendense soos intertekstualiteit en ideologie-kritiek het ook op die voorgrond getree. Dit was veral opmerklik by navorsing wat oor die boek Jeremia gedoen is. 'n Voorbeeld van hierdie soort navorsing is byvoorbeeld weergegee in die boek van Houston (2006) wat oor ideologieë en teologieë van sosiale geregtigheid in die Ou Testament handel. Die oorgroter meerderheid van die materiaal wat hy gebruik kom uit die profeteliteratuur van die Ou Testament. Dit is duidelik dat om 'n studie van dié aard te doen (soos wat Blenkinsopp en ander gedoen het), 'n verstaan van sosiale kontekste en samelewingstendense noodsaaklik is (vgl. Houston 2006: 18-51).

---

<sup>26</sup> Byvoorbeeld Houston (2006) wat oor ideologieë en teologieë van sosiale geregtigheid in die Ou Testament handel.

Verder sal intertekstualiteit en intratekstualiteit nog verder nagevors word. Omdat besef word dat nòg tekste nòg lesers van tekste “onskuldig” is, sal benaderings soos ideologie-kritiek steeds verfyn word. Ek meen ook dat kontekstualiteit in al die fasette daarvan aandag moet en sal geniet. Kontekstualiteit is belangrik vir die verstaan van tekste, maar dit is ook belangrik by die toepassing van tekste in eietydse kontekste. Die belangrike vraag na die relevansie van tekste sal ook voorrang geniet in gemeenskappe waar religieuse- en geloofsbehoefte bestaan.

Die versameling van Die Twaalf Klein profete het ook prominensie gekry. Daar is veral gesoek na die verbande tussen die onderskeie boeke van die Twaalf en na tematiese raakpunte tussen die boeke. Daar is nog heelwat ruimte vir navorsing in die verband wat gedoen kan word.

In Suid-Afrika word heelwat individuele pogings van stapel gestuur in die navorsing van die profeteliteratuur.<sup>27</sup> Van spanwerk of saamwerk is daar tot dusver nie juis sprake nie. Daar is ook nog nie veel pogings aangewend om vanuit ’n Afrikakonteks en perspektief die navorsing oor die profete te benader nie. Sulke pogings kan in die toekoms ’n belangrike rol speel om profetenaavorsing te stimuleer en ons samelewingsvraagstukke aan te spreek.

## BIBLIOGRAFIE

- Auld, A. G. “Prophets through the Looking Glass: Between Writings and Moses.” Bladsye 22-42 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Baker, D. W. “Israelite Prophets and Prophecy.” Bladsye 266-294 in *The Face of Old Testament Studies. A Survey of Contemporary Approaches*. Saamgestel deur Baker, D. W. en Arnold, B. T. Grand Rapids, Michigan: Baker Books, 1999.
- Barrick, W. D. “Review of *The Face of Old Testament Studies. A Survey of Contemporary Approaches*, by Baker, D. W. en Arnold, B. T. (eds.)” *TMSJ* 11/2(2000): 239-242.
- Barstad, H. M. “No prophets? Recent Developments in Biblical Prophetic Research and Ancient Near Eastern Prophecy.” Bladsye 106-126 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Barton, J. “Jeremiah in the Apocrypha and Pseudepigrapha.” Bladsye 306-317 in *Troubling Jeremiah*. Saamgestel deur Diamond, A. R., O’Connor, K. M. & Stulman, L. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- Bauer, A. “Dressed to Be Killed: Jeremiah 4.29-31 as an Example for the Functions of Female Imagery in Jeremiah.” Bladsye 293-305 in *Troubling Jeremiah*. Saamgestel deur Diamond, A. R., O’Connor, K. M. & Stulman, L. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- Blenkinsopp, J. *A History of Prophecy in Ancient Israel*. London: SPCK, 1983.
- \_\_\_\_\_. *A History of Prophecy in Ancient Israel*. London: SPCK, 1996.

<sup>27</sup> Vgl. Botha (2003:90-97) vir ’n oorsig oor artikels wat oor die profete van die Ou Testament handel wat in *OTE* vanaf 1983 tot 2002 verskyn het.

- 
- \_\_\_\_\_ "Second Isaiah-Prophet of Universalism." Bladsye 186-206 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Boshoff, W. S. "The female imagery in the book of Hosea. Considering the marriage metaphor in Hosea 1-2 by listening to female voices." *OTE* 15/1 (2002): 23-41.
- Bosman, J. P. "The good, the bad and the Belial: Traces of wisdom in the prophetic rhetoric of Nahum." *OTE* 15/3(2002): 589-599.
- Botha, P. J. red. *Old Testament Essays: Index Volume, 1983-2002*. OTE. Pretoria: OTWSA, 2003 .
- Brenner, A. "Pornoprophets Revisited: Some Additional Reflections." Bladsye 252-275 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Brueggemann, W. *Theology of the Old Testament: testimony, dispute, advocacy*. Minneapolis: Fortress Press, 1997.
- Brueggemann, W. "Next Steps in Jeremiah Studies." Saamgestel deur Diamond, A. R., O'Connor, K. M. & Stulman, L. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- Carr, D. "Reaching for Unity in Isaiah." Bladsye 164-183 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Carroll, R. P. *Jeremiah. A commentary* (OTL). London: SCM, 1986.
- \_\_\_\_\_ "The book of J: Intertextuality and Ideological Criticism." Bladsye 220-243 in *Troubling Jeremiah*. 220-243. Saamgestel deur Diamond, A. R., O'Connor, K. M. & Stulman, L. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- \_\_\_\_\_ "Something Rich and Strange: Imagining a Future for Jeremiah Studies." Bladsye 423-443 in *Troubling Jeremiah*. Saamgestel deur Diamond, A. R., O'Connor, K. M. & Stulman, L. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- \_\_\_\_\_ *When Prophecy Failed. Reactions and responses to failure in the Old Testament prophetic traditions*. London: SCM, 1979.
- \_\_\_\_\_ "Review of *A History of Prophecy in Israel*, by Blenkinsopp, J. 1983." *JSOT* 34(1986): 119-122.
- \_\_\_\_\_ "Poets Not Prophets: A Response to 'Prophets through the Looking Glass'." Bladsye 43-49 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Chalcraft, D. J. ed. *Social-Scientific Old Testament Criticism: A Sheffield Reader*. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1997.
- Crenshaw, J. L. *Prophets, Sages, & Poets*. St. Louis, Missouri: Chalice Press, 2006.
- \_\_\_\_\_ "Transmitting Prophecy across Generations." Bladsye 31-44 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Clements, R E. "The Prophet as an Author: The Case of the Isaiah Memoir." Bladsye 89-101 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- \_\_\_\_\_ "Prophecy Interpreted: Intertextuality and Theodicy – A Case Study of Jeremiah 26:16-24." Bladsye 32-44 in *Uprooting and Planting. Essays on Jeremiah for Leslie Ellen*. Saamgestel deur Goldingay, J. New York: T. & T. Clark, 2007.
- Culley, R. C. "Orality and Writtenness in the Propehtic Texts." Bladsye 45-64 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Davies, P. R. red. *The Prophets. A Sheffield Reader*. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.



- 
- “Pen of iron, point of diamond” (Jer 17:1): Prophecy as Writing.” Bladsye 65-81 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Dearman, J. A. “Review of *The Prophets. A Sheffield Reader*, by Davies, P. R. 1996.” *CBQ* 60(1998): 600-601.
- Dempsey, C. J. *The Prophets: A Liberation-Critical Reading*. Minneapolis: Fortress Press, 2000.
- Diamond, A. R. P. “Portraying Prophecy: Of Doublets, Variants and Analogies in the Narrative Representation of Jeremiah’s Oracles-Reconstructing the Hermeneutics of Prophecy.” Bladsye 313-333 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Diamond, A. R. P.; O’Connor, K. M.; en Stulman, L. reds. *Troubling Jeremiah*. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- Doan, W. en Giles, T. *Prophets, Performance and Power: Performance Criticism of the Hebrew Bible*. New York: T. & T. Clark, 2005.
- Domeris, W. R. “When Metaphor Becomes Myth: A Socio-linguistic Reading of Jeremiah.” Bladsye 244-262 in *Troubling Jeremiah*. Saamgestel deur Diamond, A. R., O’Connor, K. M. & Stulman, L. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1999.
- Eades, K. L. “Review of *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*, by Zvi, E. B. en Floyd, M. H. (eds).” *Review of Biblical Literature* 4(2002): 200-203.
- Floyd, M. “Write the revelation!” (Hab 2:2): Re-imagining the Cultural History of Prophecy.” Bladsye 103-143 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Friebel, K. G. “Review of *Troubling Jeremiah*, by Diamond, A R P, O’Connor, K M, en Stulman, L (eds).” *CBQ* 62(2000): 774-776.
- Goldingay, J. red. *Uprooting and Planting. Essays on Jeremiah for Leslie Ellen*. New York: T. & T. Clark, 2007.
- Grabbe, L. L. *Priests, Prophets, Diviners, Sages: A Socio-historical Study of Religious Specialists in Ancient Israel*. Valley Forge: Trinity Press International, 1995.
- Houston, W. J. *Contending for Justice. Ideologies and Theologies of Social Justice in the Old Testament*. London: T. & T. Clark, 2006.
- Holt, E. K. “Review of *Thematic Threads in the Book of the Twelve*, by Redditt, P. L. and Schart, A. (eds).” *Review of Biblical Literature* 6 (2004): 256-260.
- Hubbard, R. L. “Review of *The Face of Old Testament Studies. A Survey of Contemporary Approaches*, by Baker, D. W. and Arnold, B. T. (eds).” *Journal of the Evangelical Theological Society*, 44/2(2001): 323-325.
- Jenson, P. Review of *The Face of Old Testament Studies. A Survey of Contemporary Approaches*, by Baker, D. W. and Arnold, B. T. (eds).” *EQ* 74/4(2002): 353-354.
- Johnson, D. H. *Nuer Prophets: A history of Prophecy from the Upper Nile in the 19th and 20th centuries*. Oxford: Clarendon Press, 1995.
- Kselman, J. S. “Review of *A History of Prophecy in Israel*, by Blenkinsopp, J 1983.” *CBQ* 47/4(1985): 693-695.
- Lalleman – de Winkel, H. *Jeremiah in Prophetic Tradition. An examination of the Book of Jeremiah in the Light of Israel’s Prophetic Traditions*. Leuven: Peeters, 2000.
- Lee, N. C. “Prophet and Singer in the Fray: The book of Jeremiah.” Bladsye 190-209 in *Uprooting and Planting. Essays on Jeremiah for Leslie Ellen*. Saamgestel deur Goldingay, J. New York: T. & T. Clark, 2007.

- Lessing, R. Orality in the Prophets. *Concordia Journal* 29/2 (2003): 152-165.
- Lessing, R. R. "Review of *Thematic Threads in the Book of the Twelve* by Redditt, P. L. and Schart, A. (eds)." *CBQ* 66(2004): 340-341.
- Lindblom, J. *Prophecy in Ancient Israel*. Oxford: Basil Blackwell, 1963.
- Mays, J. L. "Review of *A History of Prophecy in Israel*, by Blenkinsopp, J 1996." *Interpretation* 39/4(1985): 414-416.
- Nissinen, M. "Spoken, Written, Quoted, and Invented: Orality and Writteness in Ancient Near Eastern Prophecy." Bladsye 235-271 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Overholt, T. W. "Seeing is Believing: The Social Setting of Prophetic Act of Power." Bladsye 314-340 in *Social-Scientific Old Testament Criticism: A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Chalcraft, D. J. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1997.
- \_\_\_\_\_. "Prophecy in History: The Social Reality of Interpretation." Bladsye 61-84 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- \_\_\_\_\_. *Prophecy in Cross-Cultural Perspective*. Atlanta: Scholars Press, 1986.
- \_\_\_\_\_. *Channels of Prophecy: The Social Dynamics of Prophetic Activity*. Minneapolis: Fortress Press, 1989.
- Perdue, L. G. *The collapse of History: Reconstructing Old Testament Theology*. Minneapolis: Fortress Press, 1994.
- Petersen, D. L. "Review of *A History of Prophecy in Israel*, by Blenkinsopp, J 1983." *JBL* 4(1985): 689-691.
- Pilkington, C. M. "Review of *The Face of Old Testament Studies. A Survey of Contemporary Approaches*, by Baker, D. W. and Arnold, B. T. (eds)." *JSOT* 94(2001): 3.
- Pleins, J. D. *The Social Visions of the Hebrew Bible. A Theological Introduction*. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press, 2001.
- Prinsloo, G. T. M. Yahweh the warrior: An intertextual reading of Habakuk 3. *OTE* 12/3(1999): 515-535.
- Redditt, P. L. en Schart, A. reds. *Thematic Threads in the Book of the Twelve*. Berlin: Walter de Gruyter, 2003.
- Redford, D. B "Scribe and Speaker." Bladsye 145-218 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Rehm, M. D. "Review of *A History of Prophecy in Israel*, by Blenkinsopp, J 1996." *Concordia Journal* 26/2(2000): 111-112.
- Reimer, D. J. "Review of *Troubling Jeremiah*, by Diamond, A R P, O'Connor, K M, en Stulman, L (eds)." *JSOT* 89(2000): 73-74.
- Sawyer, J. F. A. "Daughter of Zion and Servant of the Lord in Isaiah: A Comparison." Bladsye 233- 251 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Scharper, J. "Exilic and Post-Exilic Prophecy and the Orality/Literacy Problem." *Vetus Testamentum* LV/3(2005): 324-342.
- Smith, D. L. "Jeremiah as Prophet of Nonviolent Resistance." Bladsye 207-218 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Stiebert, J. "The woman metaphor of Ezekiel 16 and 23: A victim of violence, or a symbol of subversion?" *OTE* 15, 1(2002): 200-208.

- Stone, B. W. "Second Isaiah: Prophet to Patriarchy." Bladsye 219-232 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Stulman, L. "Insiders and Outsiders in the Book of Jeremiah: Shifts in Symbolic Arrangements." Bladsye 292-312 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Sweeney, M. A. *Form and Intertextuality in the Prophetic and Apocalyptic Literature*. Tübingen: Mohr Siebeck, 2005.
- Terblanche, M. D. "'Rosen und Lavendel nach Blut und Eisen': Intertextuality in the book of Amos." *OTE* 10/2(1997): 312-321.
- Tomasino, A. J. "Isaiah 1.1-2.4 and 63-66, and the Composition of the Isaianic Composition." Bladsye 147-163 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Van der Toorn, K. "From the Oral to the Written: The Case of Old Babylonian Prophecy." Bladsye 219-234 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Van Dijk-Hemmes, F. "The Imagination of Power and the Power of Imagination An Intertextual Analysis of Two Biblical Love Songs: The Song of Songs and Hosea 2." Bladsye 278-291 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Van Seters, J. "Prophetic Orality in the Context of the Ancient Near East: A Response to Culley, Crenshaw, and Davies." Bladsye 83-88 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Von Rad, G. *Old Testament Theology*, vol 2. Vertaal deur D. M. G. Stalker. London: SCM, 1965.
- Wendland, E. R. "What's the 'Good News' – Check out 'the feet'! Prophetic rhetoric and the salvific centre of Nahum's 'vision'". *OTE* 11/1(1998): 154-181.
- Whitelam, K. W. "The social world of the Bible." Bladsye 35-49 in *The Cambridge Companion to Biblical Interpretation*. Saamegestel deur Barton, J. Cambridge, UK: Cambridge University Press, 1998.
- Williamson, H. G. M. "A Response to A. Greame Auld." Bladsye 50-56 in *The Prophets. A Sheffield Reader*. Saamgestel deur Davies, P. R. Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996.
- Wilson, R. R. *Prophecy and Society in Ancient Israel*. Philadelphia: Fortress Press, 1980.
- Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.
- Zvi, E. B. "Introduction: Writings, Speeches, and the Propehtic Books- Setting an Agenda." Bladsye 1-29 in *Writings and Speech in Israelite and Ancient Near Eastern Prophecy*. Saamgestel deur Zvi, E. B. en Floyd, M. H. reds. Atlanta: Society of Biblical Literature, 2000.

Wilhelm J. Wessels, Professor of Old Testament in the Department of Old Testament and Ancient Near Eastern Studies, University of South Africa, PO Box 392, Pretoria, 0003, South Africa. *E-mail*: [wesewj@unisa.ac.za](mailto:wesewj@unisa.ac.za)